## Van die Redaksie

HOEWEL meeste mense sonder twyfel al van 'n argief gehoor het en waarskynlik ook 'n vae begrip het wat die woord beteken, besef baie min wat in werklikheid in 'n argief aangaan. Besoekers aan ons argiewe staar gewoonlik ook stom verbaasd na die magdom dokumente wat daar bewaar word. Hoe 'n argief ingerig word en wat deur die personeel gedoen word om die dokumente vir die publiek toeganklik te maak, bly vir die meeste mense 'n geslote boek.

Onder beskerming van die hoofargivaris van die Unie van Suid-Afrika, is 'n paar jaar gelede 'n begin gemaak met die beskikbaarstelling van 'n tydskrif in afgerolde vorm bekend as *Argiefnuus*. Die tydskrif verskyn tans maandeliks en in Oktober 1960 het nummer 4 van jaargang III reeds die lig gesien.

Die wyer publiek is waarskynlik heeltemal onbewus van die bestaan van die tydskrif. Dit verbaas 'n mens ook nie want in werklikheid is *Argiefnuus* 'n personeelblad bedoel vir alle amptenare verbonde aan die argiewe in Suid-Afrika. So het dit altans oorspronklik ontstaan en so word dit vandag nog aangebied. Getrou aan sy aard word die grootste deel van die inhoud aan personeelbelange gewy — sake waarvoor buitestaanders geen belangstelling sal hê nie.

Gaandeweg het die redaksie hom ook daarvoor beywer om bydraes te plaas wat op die argiefwese betrekking het — klaarblyklik nog steeds met die bedoeling om in die eerste plek die belange van die personeel verbonde aan die argiewe te dien. Met hierdie bydraes word egter inligting beskikbaar gestel waarvan 'n veel wyer kring as net die amptenare wat met die versorging van ons dokumente te doen het, kennis behoort te neem. In die jongste nummer verskyn bv. bydraes oor *Argiefwese of Argiefekonomie; Die Nasionale Register van Argiewe; Access to Secret Documents in Great Britain; Die Uniefeesuitstalling van die Vrystaatse Argief* en *Straatname van Bloemfontein.*

Dit is jammer dat *Argiefnuus* so 'n streng persoonlike karakter dra. Bes moontlik sal die redaksie wanneer bewys gelewer kan word dat in ruimer kring belangstelling vir dié tydskrif bestaan, bereid wees om die blad in 'n wyer kring te laat sirkuleer as wat tans die geval is.